

14 Augustus

Rigters 2:1-10, (Teks: 2:4, 5)

Te laat vir trane

Is God die harde en koue onverbiddelike Regter wat trane nie raaksien nie? Nee, inteendeel, Hy is hier self die hartseer en teleurgestelde Verbondsgod. Hy het immers die volk Israel uit Egipte laat trek en hulle gebring in die land wat Hy met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het. Hy het aan hulle beloof: "Ek sal my verbond met julle nooit verbreek nie". Op hierdie genade het gevolg die verantwoordelikheid: "Maar julle mag nie 'n verdrag sluit met die inwoners van hierdie land nie. Julle moet hulle altare afbreek".

Wanneer die liefdevolle bemoeienis verontagsaam word en die verantwoordelikhede nie nagekom word nie, hoor 'n mens die teleurstelling en die droefheid in die vraag van die Here: Waarom het julle dit gedoen? By God is daar ook droefheid oor al die sonde van sy kinders wat sy liefdevolle bemoeienis in Jesus Christus verontagsaam.

By Bokim sou die Here kon huil oor sy volk, maar dan is sy woorde 'n oproep wat die volk tot trane beweeg. So wil God deur sy Woord ons ook tot diepe berou bring vanweë al ons sondes. Dit moet gevolg word deur 'n offer wat die opregtheid van ons trane bevestig.

Israel se offer is hier 'n floue skaduwee van die groot Offer op Golgota waarmee om voor God kan staan. Ons Bokim is Golgota. Dit roep ons tot trane dat ons sondes dit tot gevolg moes hê.

Staan jy ook daar aan die voet van die kruis van Hom wat ook bekend was as die Man van smarte? Staan jy daar met trane en offers van dankbaarheid en toewyding? Christus het gekom om die oorsaak van ons trane weg te neem. Hy kom weer om dan alle oorblywende trane finaal af te vee.

Sing: Psalm 116:5

Ds. S.A. Cilliers (Waterberg)